# Hoofstuk van die dag: Josua 9

> *Die Israeliete het na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie. (vers 14)*

“Hoogmoed kom voor ’n val,” lui die spreekwoord, en dit is nie ’n moderne waarheid alleen nie. Josua-hulle het nou al twee keer in die slaggat getrap dat hulle dink hulle eie oordeel is goed genoeg, hulle hoef nie die Here te raadpleeg nie. Die

fiasko met Ai moes tog nog vars in hulle geheue gewees het! Maar nee. Later sou die Spreuke-digter dié waarheid met dik hale onderstreep (Spr. 3:5-7).

Daar is darem 'n positiewe kant ook in hierdie hoofstuk, en dit is die wyse waarop Josua en die leiers pa gestaan het vir hulle dom besluit, en woord gehou het teenoor die Gibeoniete, selfs teen die wil van die volk in (vers 19-20). Dawid het later (in Psalm 15) dié eienskap as een van die onderskeidings gelys van dié wat in die Here se teenwoordigheid mag kom: iemand "wat sy woord hou, selfs tot sy eie skade," het hy gesê (Ps 15:4).

Ons maak almal foute, en dit het gevolge; party van hulle baie sleg. Die vraag is hoe jy met dié foute saamleef, want dááruit blyk jou karakter as kind van God.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026